INTERNATIONAL BACCALAUREATE
BACCALAURÉAT INTERNATIONAL
BACHILLERATO INTERNACIONAL

N00/160/S

**AFRIKAANS A1 – STANDARD LEVEL – PAPER 1**
**AFRIKAANS A1 – NIVEAU MOYEN – ÉPREUVE 1**
**AFRICAANS A1 – NIVEL MEDIO – PRUEBA 1**

Thursday 16 November 2000 (afternoon)
Jeudi 16 novembre 2000 (après-midi)
Jueves 16 de noviembre del 2000 (tarde)

3 hours / 3 heures / 3 horas

---

INSTRUCTIONS TO CANDIDATES

- Do not open this examination paper until instructed to do so.
- Section A: Write a commentary on one passage. Include in your commentary answers to all the questions set.
- Section B: Answer one essay question. Refer mainly to works studied in Part 3 (Groups of Works); references to other works are permissible but must not form the main body of your answer.

INSTRUCTIONS DESTINÉES AUX CANDIDATS

- Ne pas ouvrir cette épreuve avant d'y être autorisé.
- Section A : Écrire un commentaire sur un passage. Votre commentaire doit traiter toutes les questions posées.
- Section B : Traiter un sujet de composition. Se référer principalement aux œuvres étudiées dans la troisième partie (Groupes d'œuvres) ; les références à d'autres œuvres sont permises mais ne doivent pas constituer l'essentiel de la réponse.

INSTRUCCIONES PARA LOS ALUMNOS

- No abra esta prueba hasta que se lo autoricen.
- Sección A: Escriba un comentario sobre uno de los fragmentos. Debe incluir en su comentario respuestas a todas las preguntas de orientación.
- Sección B: Elija un tema de redacción. Su respuesta debe centrarse principalmente en las obras estudiadas para la Parte 3 (Grupos de obras); se permiten referencias a otras obras siempre que no formen la parte principal de la respuesta.

## SEKSIE A

*Skryf kommentaar oor **een** van die volgende tekste:*

**1.** (a)

Die Romeinse digter Horatius het geskryf: Dit is wat ek voor gebid het. ’n Stukkie land, nie baie groot nie, met ’n tuin en, naby die huis ’n standhoudende fontein en klein woud daar naby. Die woorde is sowat 2000 jaar gelede geskryf. Dit is maklik om die emosies agter die woorde te verstaan. Ons verstaan maar alte goed wat Horatius bedoel het met ’n landelike tuin, ’n skuilplek teen die irritasies van die stadslewe.

Die behoefte aan ’n toevlugsoord het nie juis verander in 2000 jaar nie, maar die sin van ’n plek, die wyse waarop dit ervaar word, die manier waarop ons die ervaring omraam, het wel verander. Niks het inderdaad meer verander as ons ervaring van plek nie. Aan die einde van hierdie millennium reis ons teen verstommende snelhede en kommunikeer ons amper oombliklik oor enorme afstande. Mobilitieit is nie ’n uitsondering nie. Dit is inderdaad die norm. Ons dae word gevul met toenemend meer inligting en elke partikel inligting, hoe klein ookal, trek ons aandag af van ons bewustheid van plek. Die gevolg is dat die plekke wat ons bewoon, anker ons al minder en minder. “Hier” is net nog ’n tydelike konstruksie, ’n private niche so voorlopig soos in fiksie.

Die feite verskil enorm van wat ons weet van die menslike bestaan in die verlede, want die idee van plek het onvoorstelbaar verander in die afgelope paar eeue. Tot die 19de eeu en die ontwikkeling van spoorweë is ’n persoon se lewe gemeet teen ’n stappas, of ten beste teen die pas van ’n perd. Een woonplek het ’n ondenkbare gravitasiekrag uitgeoefen. In Middeleeuse Europa was dit moontlik om ’n verskillende stel gewigte en mate in feitlik elke dorpie te vind. Plaaslike gebruike het die krag van wette gehad. Die vermorsing van energie om deur die doolhof van standaarde te beweeg, het ontwikkeling vir eeue teruggehou.

Ons wêreld, daarenteen, is ’n soomlose, friksielose een. Geld beweeg so vinnig soos ’n gedagte. Die drang om geldeenhede, markte en wette te rasionaliseer is ’n haas universele behoefte. In die afgelope eeu het het die droom begin werklikheid word. In die moderne wêreld het ons een globale dorp geword waarin daar teen koorsagtige haas geskarrel word. Dit beteken nie noodwendig dat ons die gewenste plekke vind om in te leef nie. In die jare wat kom, sal die Internet ekonomie ons toelaat om weg te beweeg van gesentraliseerde werkplekke. Die tendens het reeds begin. Maar die elektroniese *e-topia* van die Internet bied geen werklike alternatief vir die waardes voortspruitend uit die sterk sin vir plek nie – ’n plek van onvervangbare plaaslikheid. Soos Horatius is dit nog steeds waarvoor ons almal bid.

Jan Heymans (2000)

– Hoe sou jy die toon van die stuk beskryf?

– Die gebruik van die neologisme *e-topia* omvat ’n bepaalde houding wat die skrywer teenoor modernisme openbaar. Hoe sou jy daardie houding beskryf?

– Die stuk sou as ’n kort essay beskryf kan word. Verduidelik.

**1.** (b)

**Draaikewers**

Hoe lank bly ons in hierdie kring
se dol en soet betowering

van ek en jy, van ek en jy?
Dit kring om jou, dit kring om my

voortvlugtend in ’n fyn aanvoel
van wisselende drif en doel.

O ek en jy!  O ek en . . . skielik
uit mekaar verskrik . . .

O waar is jy?  O waar is jy?
Dit kring om jou, dit kring om my,

met kring en teenkring mettertyd
tot ’n verwikkelde onenigheid.

O sal dit ooit ’n einde kry:
Die kring om jou, die kring om my

oor wye vlakke van die tyd
in malende eentonigheid?

Met duld en ongeduld en óm en óm
sal daar ’n rus ooit uit die onrus kom?

Hoe lank bly ons in hierdie kring
se dol en brak verbittering

van ek en jy, van ek en . . . skielik
uit mekaar verskrik . . .

O waar is jy?  O waar is jy?
Dit kring om jou, dit kring om my,

en kringend gaan om jou en my
die tyd verby, die tyd verby.

D J Opperman (1961)

- Draaikewers, insekte wat op die water dans, word hier simbool van die ewig ontwykende beweging tot eenheid van die twee mense wat hier ter sprake is.  Kan jy verduidelik?

- Dink jy dat die uiterlike vorm van die gedig, d.w.s. die rymende koeplette, die inhoud op een of ander manier steun?  Hoe so?

- In watter mate dink jy kan die beskrywing van dié verhouding van toepassing gemaak word op alle menslike verhoudings?

## SEKSIE B

*Skryf 'n opstel oor* ***een*** *van die volgende. Baseer jou werk op ten minste twee dele van die Deel 3 werke wat jy bestudeer het. Verwysings na ander werke is toelaatbaar, maar behoort nie die hoofdeel van jou werk uit te maak nie.*

**Teater sedert 1950**

**2.** (a) Hoe gaan karakters onder? Deur omstandighede of deur swakhede in hul eie karakter? Gaan die werke wat jy gelees het na, en besluit wat die ondergang van die protagoniste meebring.

*of*

(b) Goeie dramas ontwikkel na 'n slot wat die leser as bevredigend en noodwendig ervaar. Is dit die geval met die dramas wat jy gelees het?

**Verhalende tegniek**

**3.** (a) Verhale kan uit die perspektief van een van die karakters vertel word, of dit kan vertel word deur die skrywer self. Beide tegnieke het sekere voordele en nadele. Gaan na watter soort verteller is aan die woord in die verhale wat jy gelees het en hoe dit bydra tot 'n bepaalde perspektief.

*of*

(b) Bespreek die verskillende agtergronde waarteen die verhale afspeel wat jy gelees het. Hoe dra die verhaalagtergrond elke keer by tot die wyse waarop die karakters ontwikkel?

**Die roman en sosiale kritiek**

**4.** (a) Skrywers kritiseer 'n wye verskeidenheid sosiale aspekte: van onderdrukkende politieke toestande tot religieuse en kulturele onverdraagsaamheid. Gaan na die verhale wat jy gelees het en analiseer hoe skrywers die sosiale wanpraktyke kritiseer.

*of*

(b) Skrywers kanaliseer hul kritiek teen sosiale wantoestande deur die optrede van sommige karakters. Gaan na watter karakters in die werke wat jy gelees het, as kampvegters vir sekere ideale staan.

**Die kortverhaal**

**5.** (a) ’n Goedgeskrewe kortverhaal besit ’n sekere noodwendigheid wat meebring dat die slot groot bevrediging meebring. Gaan die gelese verhale na en besluit in watter mate die verhale op ’n bepaalde noodwendigheid afstuur.

*of*

(b) ’n Goeie kortverhaal wentel rondom ’n kwessie wat die karakters in botsing met mekaar bring. Evalueer op watter wyses sekere sentrale kwessies as motoriese element in die verhale funksioneer.